**10 Januarie**
**Skrifgedeelte: Rut 4**
**Fokusgedeelte: Rut 4:11–15**

## God se genade breek versorgend in Christus deur!

Die seënwense van die oudstes, die leiers in die stad, en van Naomi se vriendinne, bevestig dit onomwonde dat die lof en eer aan die HERE gegee word vir wat hier gebeur het. Die moederskote van Lea en Ragel is deur die HERE gebruik om die volk Israel te bou. Die geskiedenis van Peres (wat beteken: hoe kragtig het jy deurgebreek!) waarvan ons lees in Genesis 38, bevestig dat die HERE, selfs op wonderbaarlike manier, aan die werk bly, terwyl Hy die pad vir die koms van sy Seun voorberei.

Die vroue besing die lossingsreg van die HERE, soos Hy in Boas voorsien, en in Rut se swangerskap, en die seun wat sy in die wêreld gebring het, tot vervulling gebring het. Die aardse losser het, deur roepingsvervulling, ’n aardse, vreugdevolle werklikheid na vore gebring. En ook terselfdertyd die beloftes in Christus in fokus gestel!

Wat daardie gelowige familie en omstanders nog nie kon sien nie, sien ons in vervulling gaan soos die verdere geskiedenis oopvou! Juda, uit wie ons Verlosser gebore sou word, word op aangrypende manier die pa van Peres, gebore uit Tamar, sy heidense skoondogter. Later word Salmon die pa van Boas, by die heiden en prostituut Ragab. Boas word die pa van Obed, by Rut, die Moabitiese. Obed word die pa van Isai, en Isai van Dawid. Dawid word die pa van Salomo, by Batseba, die vrou van Uria.

En uiteindelik kom Jesus Christus, die Seun van God, vanuit hierdie voorgeslag, om te sterf vir sondaars. Ja, Hy het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars, soos ook ons! Hy laat uiteindelik vir ons in vervulling gaan veel, veel meer as aardse vreugde en uitkoms. In Hom, die Brood van die Lewe, vul Hy ons lewens met genade op genade.

Niks, letterlik niks gebeur sonder rede of by toeval nie. My lewe, jou lewe word dalk geleef in die eenvoudigheid van dag tot dag se gebrek aan begrip vir waarmee God eintlik besig is. Weet egter verseker: alles stuur af op die heerlike oomblik wanneer alles, met die wederkoms van Christus, betekenis en vervulling sal kry: ewige huislike vreugde en versorging!

Sing: Psalm 107:1

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)